# VOORWOORD

Die redaksionele beleid van Acta Theologica maak daarvoor voorsiening dat daar by geleentheid 'n teikengerigte uitgawe van die tydskrif kan verskyn. So 'n geleentheid het hom voorgedoen met die aftrede van prof M H O Kloppers as departementshoof van die departement Ou Testament aan die fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat op 1 April 1996.

Prof Kloppers het 'n lang en vrugbare loopbaan in die kerk en in die Teologie gehad. Nadat hy aan die Universiteit van Stellenbosch hom in die Teologie bekwaam het, studeer hy verder aan die Vrije Universiteit in Amsterdam waar hy sy doktorale eksamen aflê. In 1979 promoveer hy met 'n proefskrif "'n Kritiese evaluering van die moderne navorsing oor Deuteronomium" onder die promotorskap van prof P A Verhoef. Hy is in verskillende gemeentes van die Ned Geref Kerk predikant (Alkmaar, Belfast, Herman Steyn in Vereeniging, Noordkus in Stanger en Burgerspark in Pretoria).

Hy doseer Ou Testament aan die Universiteit van Zoeloeland en aan die Universiteit van Pretoria doseer hy Ou Testament en Bybelkunde. Hy word in 1980 beroep as professor en eerste hoof van die departement Ou Testament aan die nuutgestigte fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat. Ten spyte van administratiewe verpligtinge aan die universteit wat al meer word, lewer hy steeds op gereelde basis tydskrifartikels. Daar word met verwagting uitgesien na die publikasie van sy kommentaar op die boek Deuteronomium.

Langs hierdie weg bring kollegas in die vakgebied van die Ou Testament hulde aan die bydra van Mauritz Kloppers. Met hierdie uitgawe wil kollegas hulle waardering betuig vir die gehalte van die bydra van prof Kloppers tot die vakgebied van die Ou Testament, maar - miskien belangriker - ook vir die gehalte van sy mens-wees waarmee hy ons lewens verryk het.

Fanie Snyman
Redakteur